



Jesus Leef en ons met Hom

## **Weeklikse Brood vir 12 - 18 Mei 2019**

*Vierde week in Paastyd*

### **Skriflesing vir week: Handeling 9: 36-43**

Skriflesing vir volgende week: Handeling 11: 31-35

### **Goeie Herdersondag - Ingenooi in God se rus en tyd**

- ✓ Ons lewe is 'n gejaag van die een afspraak na die volgende, van die een verpligting na die ander, van die een taak na die volgende. Jy is miskien gedaan gejaag en lewensmoeg.
- ✓ Vind vir jou 'n ruimte of 'n plek waar jy tot rus kan kom.
- ✓ Gebruik die stilte en rustigheid om van God se stem bewus te word. Lees **Psalm 29**. Wat sê die Psalm vir jou oor God se stem. Lees **Handeling 9: 36-43**.

### **Maandag - Luister na God se Woord**

- ✓ Maak tyd om stil te raak voor die Here.
- ✓ Handeling gaan oor die groot daad van God. Wat dink jy is hierdie groot daad?

Lees **Handeling 9: 36-43**.

- ✓ Binne die groot verhaal van Pinkster, die geboorte van die kerk en sending, is daar hierdie verhaaltjie van Tabita - ook bekend as Dorkas. Tabita was 'n weduwee. Wat dink jy was die sosiale status van 'n weduwee in die samelewing van destyds?
- ✓ Vers 36 is 'n kort getuigskrif oor haar lewe. Wat hoor jy in hierdie getuienis?
- ✓ Waarin lê Tabita se "grootheid"?
- ✓ Hoe wil jy hê moet lout getuigskrif lyk?

### **Dinsdag - Luister na mekaar**

Lees **Handeling 9: 36-43**. Let veral op die sinsnede: "altyd besig om goed te doen en die armes te help".

- ✓ Tabita se grootheid het gelê in haar barmhartigheid teenoor alle mense. Wanneer word iemand in ons samelewing as "groot" of "vernaam" beskou? Gesels oor hierdie vraag met medegelowiges.
- ✓ Wie is die "groot" en "vername" mense in God se oë? En in die wêreld sin?
- ✓ Hoe help hierdie teks die kerk en gelowiges om oor hulle identiteit en roeping te dink? Lees Lukas 9:46-48 en Matteus 11: 11.

### **Woensdag - Luister na ander en die tye**

- ✓ Word stil en dink na oor die "groot probleme" in ons samelewing: korrupsie, armoede, vigs, werkloosheid, geweld, misdaad, diskriminasie en rassisme.

#### **Lees Handeling 9: 36-43.**

- ✓ Watter rol kan die kerk speel om die "groot probleme" van ons land te genees? Hoe kan ons as gelowiges in elke dag se leefwêreld 'n verskil in die lewe van ander mense maak?
- ✓ Dink na oor die volgende stelling: Dit is nie "groot" en invloedryke politici wat die wêreld verander nie, maar klein mense, soos Tabita, wat groot is in barmhartigheid en in liefde vir hulle medemens.
- ✓ Maak die volgende stukkie wysheid deel van jou lewe: "*Daar is 'n hoër ideaal as om 'n hoë posisie in die wêreld te beklee. Dit is om neer te buig en die wat teen die grond is 'n bietjie hoër op te lig*" (Moeder Teresa).

### **Donderdag - Luister weer na God se Woord**

#### **Lees Handeling 9: 36-43.** Lees dit ook in 'n ander beskikbare vertaling.

- ✓ Die gedeelte verkondig die lewendmakende krag van God wat genees en gesond maak.
- ✓ Dink aan tye in jou lewe toe jy die lewendmakende krag van God beleef het en sê vir God dankie daarvoor.
- ✓ Lees die ander tekste vir die week en kyk hoe hierdie teksgedeeltes die boodskap van hierdie week verder kan verryk.

### **Vrydag - Fokus op wat God nou doen**

- ✓ Die Gees van die Here het die afgelope paar dae op 'n besondere manier deur Handeling 9: 36-43 met ons gepraat.
- ✓ Ons het hierdie week gehoor hoe God Hom oor Tabita ontferm het deur aan haar die lewe te gee.
- ✓ Ons het gehoor dat God nie so besig is met die groot werke van die geskiedenis dat Hy vergeet van die kleintjies wat aan Hom behoort nie.

#### **Lees Handeling 9: 36-43.**

- ✓ Die God van die heelal vergeet jou nie (Jes. 43: 1). God sien jou raak. God ontferm Hom oor jou.
- ✓ God bring lewe waar daar dood is (Eseg. 37).

### **Saterdag - Antwoord met jou lewe**

- ✓ Hoe het hierdie boodskap van Handeling 9:36-43 jou lewe verander?

#### **Lees Handeling 9: 36-43.**

- ✓ Hoe help hierdie gedeelte jou om nuut te dink oor jou roeping in die wêreld?
- ✓ Dink aan maniere hoe ons as gemeente betrokke kan raak by die nood van die samelewing.
- ✓ Dink aan maniere hoe jy betrokke kan raak by die nood van die mense rondom jou.
- ✓ Die Here roep jou om deur dae van barmhartigheid die nuwe lewe van die opstanding in mense se lewe te bring.